PROJEKPLAN

EGIPTE VERBINTENIS:

BESOEK VAN EMAD SAMI AAN RSA

2008/09

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

2.7

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Carl Crouse	Ring van Algoa
POSADRES	Burtrylaan 67, Cotswold 6045	Piet Retieflaan 18, Sidwell, 6061
E-POS	johncp@discoverymail.co.za	dsjazz@webafrica.org.za
FAKSNOMMER	0413655780	(041) 4534939
TEL. WERK		(041) 4534939
TEL. HUIS	0413655258	(041) 4534939
SEL.	0834637462	0737945879

Carl	9 September 2008
(Handtekening van projekvoorsteller)	(Datum)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Om Emad Sami, Direkteur Veritas College, Noord Afrika – Midde Ooste (NAMO), van Egipte na Suid Afrika te bring vir 'n paar weke tydens Junie/Julie 2009.

Die projek spruit voort uit die leraars van die Ring van Algoa se besoek aan Egipte tydens Okt/Nov 2007. Die besoek het ons almal op 'n besondere manier geraak en dit was die begin van 'n band tussen gemeentes hier in die suide van Afrika en die kerk in Egipte. Hierdie band is gevestig in die afgelope jaar deur:

- Finansiële en gebedsondersteuning vir die Jemen projek vanuit die Ring
- Gereelde wedersydse korrespondensie en gebed

KERKARGIEF

- Die besoek van Dr Ghattas aan Port Elizabeth in Junie 2008
- 'n Beplande besoek aan Egipte deur di Kampman en Alberts in Okt 2008
- Finansiële ondersteuning van twee kerkplanters in Egipte deur twee Ringsgemeentes

Ons glo dat die band verder gevestig en versterk moet word. Emad is 'n sleutel persoon wat baie van die werk en groei in gemeentes in Egipte ko-ordineer. Hierdie is 'n kosbare geleentheid vir ons om Koninkryksdiens te verrig.

Ons oordeel dat die volgende vir ons belangrik is, en op 'n besondere manier deur die projek aangespreek kan word:

1. 'n Besef van die groot impak wat die kerk in Egipte het in die verspreiding van die Evangelie in die Noord-Afrika, Midde-Ooste (NAMO) gebied asook die rol wat die kerk in Suid Afrika kan speel om hulle te bemagtig en by te staan. Daar is baie maniere waarop gemeentes prakties betrokke kan raak en ons sal dit graag wil sien ontwikkel. Ons is oortuig dat dit 'n geleentheid en oop deur is wat deur die Here vir ons gegee is om hier te werk.
2. Veritas speel 'n sleutelrol in Egipte en in NAMO, om leiers toe te rus en te ontwikkel. Ons was almal diep beïndruk deur die leiers se passie en visie vir die Koninkryk, in baie moeilike omstandighede. Ons as ring is al jare gekoppel aan die werk van Veritas deur Dr PJ Scheepers se bediening. Die werk brei geweldig uit, in Egipte en in sleutelgebiede in NAMO, en het groot impak. Die betrokkenheid van gemeentes van ons Ring hierby sal deur hierdie projek aangemoedig word.
3. 'n Groter bewussyn van die bedreiging van Islam asook die geestelike nood van Moslems – veral die wat leef in die 10/40 venster en die Arabiese wêreld - is hier plaaslik nodig. Emad verstaan die gevare soveel duideliker is as ons hier in SA en het 'n belangrike boodskap hieroor vir die hele kerk.

Dit Ring sal die projek aanbied in samewerking met die volgende instansies:

1. Veritas College;
2. Bless the Nations, Port Elizabeth (in samehang met hulle jaarlikse sendingkongres);
3. NGK Suidpunt en Ds Lucas van Vuuren (wat saam gereis het).

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Die fokus van die projek val op die gemeentes van die Ring van Algoa. Weens die reeds bestaande betrokkenheid by Egipte deur van die gemeentes in die Ring, kan ons verseker wees van 'n baie groot deelname van gemeentes hierby

Die gemeentes word bemagtig om die groei van die Evangelie te bevorder. Die gemeentes wat reeds betrokke is hierby ervaar die vreugde van Koninkryksdiens deur onder andere te beleef dat die beter is om te gee as om te ontvang, hoedat die Here in behoeftes voorsien en gebede beantwoord en te ervaar hoedat ons vrug dra ver bo ons eie krag en vermoëns

Die werk van Veritas in Noord-Afrika Midde-Ooste asook in plaaslike gemeentes daar sal versterk word om hulle roeping uit te leef. Die bemoediging en bemagtiging van hierdie klein gemeentes is uiters belangrik. Ons dink aan gemeentes in die industriële gebied van Kaïro, asook die 7 klein Evangeliese kerke in Alexandria (stad met 4 miljoen mense). Die Christene in hierdie deel van die wêreld vorm 'n klein minderheid en ervaar beide onderdrukking en vervolging. Vir hulle is die liefde en betrokkenheid van medegelowiges van onskatbare waarde.

In samewerking met Bless the Nations word die hele kerk in PE betrek. Emad sal tyd in Wes Kaap spandeer en sal die werk dan daar bekend stel.

Emad dien al die Here vir baie jare in moeilike omstandighede. Sy bediening stel geweldige eise op sy gesondheid en gesinslewe. Hy werk baie weg van die huis af en ons voel dat as dit enigsins moontlik is, moet hy saam met sy gesin reis. (Vrou en twee kinders onder 12). Kostes om hulle uit te bring, sal gedeel word deur die betrokke instansies en persone. As dit realiseer sal ons reël dat sy gesin by hom aansluit nadat hy 'n week tot 10 dae hier in PE bedien het.

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Finalisering van program met alle rolspelers	Feb 2009
Aankoop van vliegkaartjies	Maart 2009
Bemarking	Mei 2009
Besoek aan SA	Junie / Julie 2009

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR
Ds Carl Crouse	Grasvoëlkop (Algoa Ring)
Dr Anton Oliphant	PE-Lorraine (Algoa Ring)
Ds Heinrich Alberts	PE-Hoogland
Prof Jean Greyling	Bless the Nations en Grasvoëlkop
Ds Ivan Skinner	Veritas, Suid Afrika
Dr Phillip Scheepers	Veritas, NAMO
Ds Lucas van Vuuren	Suidpunt gemeente, L'Agulhas

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Geen	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Geen	

6.4 ANDER:

Geen

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
reiskoste – bydrae tot vliegkaartjies	R15 000
Verblyfkoste – deur gesinne gedra	-
Totaal (R40 000)	R15 000

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
Maart 2009	R15 000

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Ring van Algoa